Die Volkstem

PRETORIA, 19 MEI 1932.

# DUUR OPENBARE WERKE

By behandeling van die Begrotingspos Openbare Werke het lede van weerskante van die Huis in allesbehalwe vleiende taal gewaag van hierdie Departement. Volksraadslid Hofmeyr het hom smalende opmerkinge veroorloof veral na aanleiding van die "argitektoniese gedrogte" waarmee die omgewing van die Parltshuis in die laaste tyd "versier" is. Die Volkstem betoog reeds van toeka se dae dat Openbare Werke heeltemal 'n oorbodige Departement is en dat die gesteriotipeerde barakke wat moet dien as skole of ander openbare geboue oor die lengte en breedte van die land die mees oortuigende bewys lewer dat die Unie dit bes sonder so'n departement kon bolwerk. Vir ons kunssin of ons individualisme, soos die hom moet uitdurk in ons openbare geboue, het die Departement niks, of so goed as niks, gedoen nie, behalwe miskien dit te bederf. Dit loop egter die spuigate uit wanneer die verantwoordelike minister hierdie oortollige, ondoeltreffende vyfde-wiel-departement verdedig op grond van die geld wat deur hom bespaar word. Om die minste daarvan te sê het mnr. Sampson hom dan ook vergis toe hy beweer 't dat Prov. Rade, wat besluit 't om partikuliere boukundiges in te roep pleks van die Departement van Openbare Werke, ontdek het dat dit minder goedkoop is en nou weer terugval op die amptelike argitekte. Wat Transvaal betref, is dit altans nie die geval nie; soveel kan ons op die hoogste gesag konstateer. Die ervaring is hier dat dit dikwels byna die helfte minder kos om te bou onder leiding van privaat deskundiges, afgesien van die feit dat die partikuliere argitek gewoonlik 'n verkwiklike variasie lewer van die banale, smaak-dodende resepte wat elke gebou van die Departement tot die getroue ewebeeld maak van elke ander van die selfde soort, indien deur hom opgerig. Op die stuk van koste is dit miskien heeltemal afdoende om daaraan te herinner dat die Dept. van Openbare Werke vanjaar 307 argitekte, ingenieurs en bestekopmakers daarop nahou—om te swyg van administratiewe staf—en £136,000 aan salarisse moet uitkeer vir die uitvoering van 'n bouprogram wat maar £300,000 bedra. Enige fatsoenlike privaat argitek sou so 'n program met sy gewone staf afpoeier en die lustige ministeriële paleise in Bryntirion geverf hou op die koop toe.